# 366 O watter grote liefde




Gods Seun kom uit die Vaderskoot tot ons,
sy eiendom; en hier – helaas, word Hy verstoot;
hier’s slegs ’n stal vir Hom,
hier’s slegs ’n stal vir Hom.

Ja, in ’n stal van klei en klip, waardeur die nagwind waai,
lê Hy, die Here, in ’n krip,
in doeke toegedraai,
in doeke toegedraai.

Hy word ’n kneg en ek ’n heer: O watter wisseling!
‘k Sal Hom vir sy erbarming eer
en ewig hulde bring,
en ewig hulde bring.

Daar lê die heil’ge Hemelkind, gekom in vlees en bloed,
om Hom aan ons hier te verbind
en vir ons skuld te boet,
en vir ons skuld te boet.